Talent

Administratief | Bestuur | Sekretarieël | Landbou | Tegnies | Verkope/bemarking | Tel: 0860 11 75 20

ONDERSTEUNDE WERKSVERSKAFFING

Help gestremdes 'n bydrae lewer

Danie Keet

GRAFIKA24

Navorsing het getoon dat ondersteunde werkverskaffing (*supported employment*) een van die doeltreffendste strategieë is om gestremdes die geleentheid te bied om werk te kry. Dit geld nie alleen mense wat met gestremdhede gebore is nie, maar ook diegene wat ná 'n besering of siekte gestremd geraak het en plek in die werksomgewing moet kry.

Die basiese aanname van ondersteunde werksgeleenthede is dat selfs die persoon met die ergste gestremdheid in die werksplek geïntegreer kan word, op voorwaarde dat hulle die regte ondersteuning kan kry. Ondersteunde werk verskaf dus hulp aan gestremde mense op elke vlak van die herintegrasie in die werksomgewing om te verseker dat hulle reg kan aanpas.

Daar is verskillende stadiums in hierdie aanpassing- en integrasieproses en elke stap verg noukeurige ondersteuning. Een van die eerstes is die evaluering van die werk of pos in die werksomgewing waarbinne dit val en 'n volle assessering van die persoon se vermoëns om die werk te kan doen en by sy omstandighede te kan aanpas. Dit is noodsaaklik om die gestremde se behoeftes en vermoëns in lyn te bring met die vereistes van die werk waarin hy geplaas gaan word.

Madri Engelbrecht, 'n arbeidsterapeut verbonde aan die Universiteit van Kaapstad se skool vir gesondheid en rehabilitasiedienste, vertel dat ondersteunde werk in Amerika sy beslag gekry het.

Engelbrecht bestuur sedert 2010 'n ondersteunde werksprogram by die Vanguard-gemeenskapsgesondheidsentrum wat gestremdes ondersteun om deur die navolging van so 'n program vir die werkplek voorberei te word.

"Deur berekende ondersteuning en leiding in die werkplek te ontvang, kan gestremdes gehelp word om vaardighede te ontwikkel sodat hulle die ope arbeidsmark kan betree en met sukses 'n plek in die werksomgewing kan volstaan.

"Om iemand vir ondersteunde werk voor te berei, moet verskillende fases in die proses toegepas word om die sukses daarvan te verseker. Dit sluit in aspekte soos evaluering van die persoon en werksopset, die werksoekfase en ondersteuning.

"Daar is ongelukkig ook 'n hele aantal uitdagings wat die vinnige afhandeling van sulke programme kortwiek, waaronder 'n tekort aan hulpbronne soos vervoer en menslike hulpbronne, 'n tekort aan ondervinding en selfvertroue by dienslewweraars, die kontinuïteit in die diens, en ondersteuningstrukture en -netwerke in die gemeenskap," sê Engelbrecht.

Zelda Coetzee, 'n arbeidsterapeut van die Universiteit Stellenbosch, sê een van die eerste stappe in so 'n program is om 'n deeglike ontleding van gestremdes se vermoëns en die werk waarbinne sulke persone geplaas gaan word, te doen.

"Ondersteunde werk is al beskryf as mededingende werk in 'n geïntegreerde omgewing met deurlopende ondersteuningsdienste aan persone met gestremdhede. Hierdie konsep is gegrond op die aanname dat indien die regte soort en intensiteit van ondersteuning verskaf word, selfs mense met die ergste gestremdhede in 'n mededingende werksomgewing geïntegreer kan word," sê sy.

"Ondersteunde werk kan suksesvol aangebied word as die persoon met die gestremdheid ná ontleding gepas kan word by 'n geskikte werksgeleentheid. In sulke gevalle sal werkafrigters of -ondersteuners deurlopende kundige ondersteuning verskaf om toe te sien dat die werkers se persoonlike behoeftes aangespreek word. Die werkgewer en die gestremde persoon wat in die werksomgewing geplaas word, se direkte toesighouer sal ook deurgaans ondersteuning ontvang.

"Die gestremde werknemers wat so in die werksmag opgeneem word, kan dan ook verwag om vergoeding te ontvang. Dit is egter belangrik om die vernaamste komponente van ondersteunde werk in ag te neem as sulke programme van stapel gestuur word.

"Die sukses van werksondersteunde programme in Suid-Afrika sal hoofsaaklik daarvan afhang hoe goed en vinnig grense hieroor afgebreek kan word. Van hierdie grense of hindernisse sluit in relatief min ervaring op die gebied en voortgesette regeringsondersteuning nadat die persoon in 'n werk geplaas is," sê Coetzee.

Engelbrecht sê werklose gestremdes in Suid-Afrika ervaar nie slegs die uitdaging van om werk te probeer kry nie.

"Daar is ook die groot hoeveelheid mense met wie hulle moet meeding om dieselfde werk.

"Verder tel 'n geskiedenis van beperkte skoling of opleiding, onderbroke of afwesige werksgeskiedenis en 'n tekort aan vaardigheid oor hoe om werk te bekom, sowel as om dit te behou, ook teen hulle.

"Hierdie beskrywing pas egter ook nie net by persone met gestremdhede nie, maar 'n groot hoeveelheid van die werksoekers in ons land," is haar mening.